Sondela

21-23 Julie 2017

Wie skrik nou vir kamp in die winter? Definitief nie die 8 Rietvallei waens wat die naweek Sondela se kampterrein gaan beset het nie. En wat ‘n heerlike ontvangs Vrydag met 2 sakke hout en warm pannekoek. Vir aandete maak Wayne en Annemarie vir ons boerewors rolle. En Wayne begin die naweek se boekevat met hoe geseënd ons is.

Saterdag is ‘n lui lekker dag en almal geniet die winter sonnetjie en heerlike natuur. Vroegoggend gaan ry Wayne, Willem en Pieter een van Sondela se fietsry roetes. Die kinders ry ook die wêreld vol met hulle fietse. Verder word daar ontspan, gekuier en gebrei onder die bome.

Saterdagaand na boekevat word daar sommer net daar in die ‘straat’ saam gebraai. Pieter reël ‘n groot pot pap vir almal en Annemarie maak ‘n heerlike sous daarby. Daar is lekker gekuier en grappe vertel om die vure.

Sondag oggend sluit Wayne die tema van geseënd af met die laaste boekevat onder die bome. Daar word ‘n paar plaatjies uitgedeel en verjaarsdag vieringe deur tannie Elmarie. Toe word daar weereens gekuier met die gebruiklike koek en tee. Wimpie en Adele Visser pak vir Janco springmielies in en durf die pad Kruger Park toe aan om verder te gaan rus. Charné voer die skape en hulle agtervolg haar orals. Daar word vir oulaas op die fietse gery en toe is dit tyd vir oppak. So kom nog ‘n wonderlike Rietvallei kampnaweek tot ‘n einde.

Phillip en Anita Lloyd lees die Sawa erekode voor.

Kampkommandante vir die naweek, Wayne en Annemarie Botha. Hulle ontvang ook ‘n aansporingsplaatjie vir 50 algemene kampe.

Elmarie deel verjaarsdag sjokolades uit met Nathan se hulp.

Annemarie (links) heet hulle gaste welkom. Aldo en Corne Grobbelaar en kinders.

Pieter le Roux (links) oorhandig aan Pieter en Magdaleen Viljoen ‘n aansporingsplaatjie vir 20 streek kampe.

Die kinders voer die skape